

## **Sondag 29 Oktober**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 4:12-16**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 4:14-16**

### **Jesus het medelye met ons en bid vir ons**

Ons glo in Jesus wat opgevaar het na die hemel. Wat sit aan die regterhand van God. Dit is 'n belydenis. Maar leef ons dit uit? Hou ons daaraan vas? Want dit is 'n anker in die veranderende tye waarin ons leef. Dit laat ons sien dat ons maar net reisigers is wat op pad is na die ewige woning wat Christus met sy hemelvaart vir ons gaan voorberei het.

In 'n wêreld waarin die duiwel los is, waarin die mens liever is vir genot as wat hy vir God is, waar die mens wegbeweeg van God af, waar die geldgod Mammon in die plek van God kom staan het, het ek 'n Hoëpriester wat vir my bid by die Vader. Hy bid sodat ek geloofskrag mag kry deur die werking van die Heilige Gees om te volhard. Want Jesus Christus weet wat ek hier moet deurmaak. En as Hoëpriester kan Hy ons help. Hy het simpatie met ons swakhede. Jesus is innerlik hartseer oor al ons liggaamlike leed en ons sedelike tekortkominge.

In 'n wêreld van sondesmet en versoeking, waar die duiwelse magte alles in die stryd werp om ons te vernietig, kry ons deur die gebed die versekering van God se ontferming. God is barmhartig. Ons kom in ons gebed as ellendiges en as hulpeloses tot die Here. Ons kan nie oorwinnaars bly in die versoekings as die Here ons nie barmhartigheid bewys nie.

En ons weet as die Here ons barmhartigheid bewys, dan vind ons ook genade. Genade is hier die inwendige hemelse werking van die Heilige Gees om ons te versterk. Gaan met vrymoedigheid na hierdie troon van genade. Christus het deur sy hemelvaart dit vir ons moontlik gemaak. Sy intrede maak dit vir ons elke oomblik moontlik om te bid. En meer nog, Hy bid ook vir ons.

*Sing: Psalm 34-1:2, 8*

*Dr. TC de Klerk (Theuns) (emeritus)*